



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

WYSIGINGSWETSONTWERP OP NASIONALE LANDVERVOER [B 7 – 2016] Uitnodiging vir verdere voorleggings deur publiek

Die Portefeuljekomitee oor Vervoer nooi belangstellende mense en belanghebbendes om verdere skriftelike kommentaar betreffende die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Landvervoer [B 7 - 2016] in te dien waar dit betrekking het op die voorgestelde wysigings wat buite die bestek van die wetsontwerp is.

Die wetsontwerp is op 15 April 2016 na die komitee verwys. Die komitee het openbare verhore gehou en het voorgestelde wysigings aan die wetsontwerp oorweeg. Terwyl ondersoek ingestel is na die onderwerp van die wetsontwerp en gedurende openbare verhore het die komitee besef dat dit nodig is om ander bepalings van die hoofwet te wysig wat nie in die wetsontwerp ingesluit is nie, en daarom beraadslagings met die publiek oor die nuwe klousules verder te verleng.

Die nuwe wysigings wat tans nie in die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Landvervoer [B 7-2016] vervat is nie, onder meer, sal die insluiting van klousules in die wetsontwerp dek wat voorsiening maak vir provinsiale wetgewing om 'n provinsiale vervoerowerheid in werking te stel.

U word uitgenooi om skriftelike kommentaar te lewer betreffende die voorgestelde wysigings wat beskikbaar is op die Parlement se webtuiste **www.parliament.gov.za**.

Navrae, sowel as skriftelike voorleggings, kan gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Vervoer, vir die aandag van **Valerie Carelse**, 3de Vloer, W/S 3/79, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8001, of per e-pos aan **vcarelse@parliament.gov.za** gestuur word. Behalwe die skriftelike kommentaar, dui ook aan of u belangstel om 'n mondelinge voorlegging voor die komitee te doen.

Die sluitingsdatum vir skriftelike voorleggings is 17 November 2017.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings en die Wet op Nasionale Landvervoer, Wet 5 van 2009, kan by **Valerie Carelse** verkry word by tel: **021-403 3272**, sel **083 709 8445** of **www.parliament.gov.za**.

Uitgereik deur me DP Magadzi, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Vervoer.

Parliament. Making Democracy Work

www.parliament.gov.za